

PROVINCE OF WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

8055

8055

Friday, 1 March 2019

Vrydag, 1 Maart 2019

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
Provincial Notices	
22 Department of Environmental Affairs and Development Planning: Notice of Intention to Declare Ganze Craal Nature Reserve	134
23 Department of Environmental Affairs and Development Planning: Approval of Application Exemption	143
Tenders:	
Notices.....	144
Local Authorities	
Bergrivier Municipality: Consent Use	145
Cederberg Municipality: Scrapping of Restrictions and Subdivision.....	144
City of Cape Town: Level 3 Water Restrictions (Amended).....	158
City of Cape Town (Northern District): Closure	150
City of Cape Town (Northern District): Closure	150
City of Cape Town (Northern District): Closure	154
City of Cape Town (Tygerberg District): Closure	155
City of Cape Town (Table Bay District): Closure	153
City of Cape Town (Table Bay District): Closure	151
City of Cape Town (Table Bay District): Closure	152
Road Traffic Management Corporation:	
Correction Notice.....	157
Oudtshoorn Municipality: Amendment of Approval, Subdivision and Departures.....	149
Oudtshoorn Municipality: Consolidation and Rezoning	150
Oudtshoorn Municipality: Rezoning and Departures	148
Oudtshoorn Municipality: Subdivision.....	144
Overstrand Municipality: Removal of Restrictions	145
Stellenbosch Municipality: Removal of Restrictions	147
Swartland Municipality: Closure, Rezoning, Subdivision and Consolidation	146
Swartland Municipality: Removal of Restrictions and Departure	147
Theewaterskloof Municipality: Closure	156
Theewaterskloof Municipality: Departure and Removal of Restrictions	154

Nr.	Bladsy
Provinsiale Kennisgewings	
22 Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Kennisgewing van Voorneme om Ganze Craal Natuureservaat te Verklaar.....	137
23 Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning: Goedkeuring van Aansoek om Kwytsekelding	143
Tenders:	
Kennisgewings	144
Plaaslike Owerhede	
Bergrivier Munisipaliteit: Vergunningsgebruik	145
Cederberg Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings en Onderverdeling	144
Stad Kaapstad: Level 3 Water Restrictions (Amended) English only	158
Stad Kaapstad (Noordelike-Distrik): Sluiting	150
Stad Kaapstad (Noordelike-Distrik): Sluiting	150
Stad Kaapstad (Noordelike-Distrik): Sluiting	154
Stad Kaapstad (Tygerberg-Distrik): Sluiting	155
Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Sluiting	153
Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Sluiting	151
Stad Kaapstad (Tafelbaai-Distrik): Sluiting.....	152
Road Traffic Management Corporation:	
Correction Notice (English only)	157
Oudtshoorn Munisipaliteit: Wysiging van Goedkeuring, Onderverdeling en Afwykings	149
Oudtshoorn Munisipaliteit: Konsolidasie en Hersonerings	150
Oudtshoorn Munisipaliteit: Hersonerings en Afwyking	148
Oudtshoorn Munisipaliteit: Onderverdeling	144
Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	145
Stellenbosch Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	147
Swartland Munisipaliteit: Sluiting, Hersonerings, Onderverdeling en Konsolidasie	146
Swartland Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings en Afwyking.....	147
Theewaterskloof Munisipaliteit: Sluiting	156
Theewaterskloof Munisipaliteit: Afwyking en Opheffing van Beperkings	154

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for general information.

ADV. B. GERBER,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

ADV. B. GERBER,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

ADV. B. GERBER,
UMLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 22/2019

1 March 2019

**DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS
AND DEVELOPMENT PLANNING**

**NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT: PROTECTED AREAS ACT,
2003 (ACT 57 OF 2003)**

NOTICE OF INTENTION TO DECLARE GANZE CRAAL NATURE RESERVE

The Provincial Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning in the Western Cape—

- (a) under section 33(1)(a) of the National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003 (Act 57 of 2003), gives notice of the intention to declare the Ganze Craal Nature Reserve in terms of section 23(1)(a)(i) of that Act on the properties indicated in the Schedule; and
- (b) invites members of the public to submit written representations on, or objections to, the proposed declaration of the Ganze Craal Nature Reserve within 60 days from the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette* by—
- (i) posting the representations or objections to:

The Chief Executive Officer
Attention: Mr A Mitchell
CapeNature
Private Bag X29
Gatesville 7766;
 - (ii) e-mailing the representations or objections to:

amitchell@capenature.co.za; or
 - (iii) delivering the representations or objections to:

Mr A Mitchell
CapeNature
Cnr Bosduif and Volstruis Streets
Bridgetown
Athlone 7764.

SCHEDULE

Owner	Name of Nature Reserve	Description of Properties
Provincial Government of the Western Cape	Ganze Craal	<p>Remainder of Farm Witzand No. 2, situated in the City of Cape Town, Cape Division, Western Cape Province; In extent: 207, 7090 (Two Hundred and Seven comma Seven Zero Nine Zero) hectares; Held by Deed of Transfer No. T57843/2015. The property is situated on the R27 West Coast road, approximately 14,5 kilometres west of Atlantis, the closest town.</p> <p>Remainder of Farm Melk Post No. 3, situated in the City of Cape Town, Cape Division, Western Cape Province; In extent: 610, 1235 (Six Hundred and Ten comma One Two Three Five) hectares; Held by Deed of Transfer No. T57844/2015. The property is situated on a secondary road, approximately 3,5 kilometres north-west of Atlantis, the closest town.</p> <p>Portion 1 of Farm No. 17, situated in the City of Cape Town, Cape Division, Western Cape Province; In extent: 6, 9164 (Six comma Nine One Six Four) hectares; Held by Deed of Transfer No. T63101/2015. The property is situated on a secondary road, approximately 1,2 kilometres south-east of Pela, the closest town.</p> <p>Portion 9 of Farm Brakke Fontein No. 32, situated in the City of Cape Town, Cape Division, Western Cape Province; In extent: 29, 3950 (Twenty Nine comma Three Nine Five Zero) hectares; Held by Deed of Transfer No. T64455/2015. The property is situated on the R307, Dassenberg Road, approximately 7,5 kilometres south-west of Atlantis, the closest town.</p> <p>Portion 1 of Farm Modder Rivier No. 721, situated in the Swartland Municipality, Malmesbury Division, Western Cape Province; In extent: 21, 4133 (Twenty One comma Four One Three Three) hectares; Held by Deed of Transfer No. T61984/2015. The property is situated on a secondary road, approximately 25 kilometres north-west of Mamre, the closest town.</p>

		<p>Remainder of Farm Cruywagens-kraal No. 977, situated in the City of Cape Town, Malmesbury Division, Western Cape Province; In extent: 896, 8796 (Eight Hundred and Ninety Six comma Eight Seven Nine Six) hectares; Held by Deed of Transfer No. T13405/2015. The property is situated on the R27, West Coast Road, approximately 18 kilometres west of Mamre, the closest town.</p> <p>Portion 1 of Farm Cruywagens-kraal No. 977, situated in the City of Cape Town, Malmesbury Division, Western Cape Province; In extent: 856, 5320 (Eight Hundred and Fifty Six comma Five Three Two Zero) hectares; Held by Deed of Transfer No. T13404/2015. The property is situated on the Silverstream (DR1137) secondary road approximately 8,6 kilometres south-west of Mamre, the closest town.</p> <p>Portion 2 of Farm No. 978, situated in the City of Cape Town, Malmesbury Division, Western Cape Province; In extent: 2, 1414 (Two comma One Four One Four) hectares; Held by Deed of Transfer No. T13403/2015. The property is situated on a secondary road, approximately 25 kilometres north-west of Mamre, the closest town.</p> <p>Portion 3 of Farm No. 978, situated in the City of Cape Town, Malmesbury Division, Western Cape Province; In extent: 6, 6310 (Six comma Six Three One Zero) hectares; Held by Deed of Transfer No. T12887/2015. The property is situated on a secondary road, approximately 25 kilometres north-west of Mamre, the closest town.</p>
--	--	--

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 22/2019

1 Maart 2019

**DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN
ONTWIKKELINGSBEPLANNING**
**“NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT: PROTECTED AREAS
ACT, 2003” (WET 57 VAN 2003)****KENNISGEWING VAN VOORNEME OM GANZE CRAAL
NATUURRESERVAAT TE VERKLAAR**

Die Provinsiale Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning in die Wes-Kaap—

- (a) gee kragtens artikel 33(1)(a) van die “National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003” (Wet 57 van 2003), kennis van die voorneme om die Ganze Craal Natuurreservaat ingevolge artikel 23(1)(a)(i) van daardie Wet op die eiendomme aangedui in die Bylae te verklaar; en
- (b) nooi lede van die publiek uit om skriftelike versoë te rig oor, of beswaar aan te teken teen, die voorgestelde verklaring van die Ganze Craal Natuurreservaat binne 60 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* deur—
- (i) die versoë of besware te pos aan:
Die Hoof-Uitvoerende Beampte
Aandag: Mnr A Mitchell
CapeNature
Privaatsak X29
Gatesville 7766;
- (ii) die versoë of besware te e-pos na:
amitchell@capenature.co.za; of
- (iii) die versoë of besware af te lewer aan:
Mnr A Mitchell
CapeNature
H.v. Bosduif- en Volstruisstraat
Bridgetown
Athlone 7764.

BYLAE

Eienaar	Naam van Natuurreservaat	Beskrywing van Eiendomme
Provinsiale Regering van die Wes-Kaap	Ganze Craal	<p>Restant van Plaas Witzand Nr. 2, geleë in die Stad Kaapstad, Afdeling Kaap, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 207, 7090 (Twee Honderd en Sewe komma Sewe Nul Nege Nul) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T57843/2015. Die eiendom is op die R27- Weskuspad geleë, ongeveer 14,5 kilometer wes van Atlantis, die naaste dorp.</p> <p>Restant van Plaas Melk Post Nr. 3, geleë in die Stad Kaapstad, Afdeling Kaap, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 610, 1235 (Ses Honderd en Tien komma Een Twee Drie Vyf) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T57844/2015. Die eiendom is op 'n sekondêre pad geleë, ongeveer 3,5 kilometer noordwes van Atlantis, die naaste dorp.</p> <p>Gedeelte 1 van Plaas Nr. 17, geleë in die Stad Kaapstad, Afdeling Kaap, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 6, 9164 (Ses komma Nege Een Ses Vier) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T63101/2015. Die eiendom is op 'n sekondêre pad geleë, ongeveer 1,2 kilometer suidoos van Pella, die naaste dorp.</p> <p>Gedeelte 9 van Plaas Brakke Fontein Nr. 32, geleë in die Stad Kaapstad, Afdeling Kaap, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 29, 3950 (Nege en Twintig komma Drie Nege Vyf Nul) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T64455/2015. Die eiendom is op die R307- Dassenbergpad geleë, ongeveer 7,5 kilometer suidwes van Atlantis, die naaste dorp.</p> <p>Gedeelte 1 van Plaas Modder Rivier Nr. 721, geleë in die Swartland Munisipaliteit, Afdeling Malmesbury, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 21, 4133 (Een en Twintig komma Vier Een Drie Drie) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T61984/2015. Die eiendom is op 'n sekondêre pad geleë, ongeveer 25 kilometer noordwes van Mamre, die naaste dorp.</p>

	<p>Restant van Plaas Cruywagenskraal Nr. 977, geleë in die Stad Kaapstad, Afdeling Malmesbury, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 896, 8796 (Agt Honderd Ses en Negentig komma Agt Sewe Nege Ses) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T13405/2015. Die eiendom is op die R27- Weskuspad geleë, ongeveer 18 kilometer wes van Mamre, die naaste dorp.</p> <p>Gedeelte 1 van Plaas Cruywagens-kraal Nr. 977, geleë in die Stad Kaapstad, Afdeling Malmesbury, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 856, 5320 (Agt Honderd Ses en Vyftig komma Vyf Drie Twee Nul) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T13404/2015. Die eiendom is op die Silverstream- (DR1137) sekondêre pad geleë, ongeveer 8,6 kilometer suidwes van Mamre, die naaste dorp.</p> <p>Gedeelte 2 van Plaas Nr. 978, geleë in die Stad Kaapstad, Afdeling Malmesbury, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 2, 1414 (Twee komma Een Vier Een Vier) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T13403/2015. Die eiendom is op 'n sekondêre pad geleë, ongeveer 25 kilometer noordwes van Mamre, die naaste dorp.</p> <p>Gedeelte 3 van Plaas Nr. 978, geleë in die Stad Kaapstad, Afdeling Malmesbury, Provinsie Wes-Kaap; Groot: 6, 6310 (Ses komma Ses Drie Een Nul) hektaar; Gehou kragtens Transportakte Nr. T12887/2015. Die eiendom is op 'n sekondêre pad geleë, ongeveer 25 kilometer noordwes van Mamre, die naaste dorp.</p>
--	--

ISAZISO SEPHONDO

I.S. 22/2019

1 kweyoKwindla 2019

**ISEBE LEMICIMBI YOKUSINGQONGILEYO NOCWANGCISO
LOPHUHLISO****UMTHETHO I-NATIONAL ENVIRONMENTAL MANAGEMENT:
PROTECTED AREAS ACT, 2003 (UMTHETHO WAMA-57 KA-2003):****ISAZISO SENJONGO YOKUBHENGEZA INDAWO YOLONDOLOZO
LWENDALO I-GANZE CRAAL**

UMphathiswa wePhondo woRhulumente weNgingqi, iMicimbi yokuSingqongileyo noCwangciso loPhuhliso eNtshona Koloni—

- (a) phantsi kwecandelo 33(1)(a) lomthetho i*National Environmental Management: Protected Areas Act, 2003* (uMthetho 57 ka-2003), unika isaziso senjongo yokubhengeza iGanze Craal Nature Reserve njengendawo yolondolozo lwendalo ngokwecandelo 23(1)(a)(i) lomthetho kwimihlaba ephawulwe kwiShedyuli; kwaye
- (b) umema amalungu oluntu ukuba angenise iziphakamiso ezibhaliweyo okanye inkcaso ngokuphathelele kwisibhengezo esicitywayo seGanze Craal njengeNdawo yoLondolozo lweNdalo zingekapheli iintsuku ezingama-60 ukusuka kumhla wokupapashwa kwesi saziso kwi*Gazethi yePhondo* ngo—
- (i) kuposela iziphakamiso okanye inkcaso ku:
 IGosa eliyiNtloko leSigqeba
 Ingqale kuMnu. A Mitchell
 CapeNature
 Private Bag X29
 Gatesville 7766;
- (ii) kuthumela nge-imeyili iziphakamiso okanye inkcaso ku:
 amitchell@capenature.co.za;
- (iii) kuzisa iziphakamiso okanye inkcaso ku:
 Mnu. A Mitchell
 CapeNature
 Cnr Bosduif and Volstruis Streets
 Bridgetown
 Athlone 7764.

ISHEDYULI

Umnikazi	Igama leNdawo yoLondolozo lweNdalo	Inkcazelo yoMhlaba
<p>Urhulumente wePhondo leNtshona Koloni</p>	<p>Ganze Craal</p>	<p>UBubanzi obuSeleyo kwiFama iWitzand eyiNombolo yesi-2, emi kuMasipala weSixeko seKapa, iCandelolePhondo leNtshona Koloni; Ubukhulu: 207, 7090 (AmaKhulu amaBini anesiXhenxe ikhoma isiXhenxe iQanda iThoba iQanda) eehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu- T57843/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle kwindlela engu-R27 kuNxweme oluseNtshona, malunga neekhilomitha ezili-14,5 kwintshona ye-Atlantis idolophu ekufutshane.</p> <p>UBubanzi obuSeleyo kwiFama iMelk Post eyiNombolo yesi-3, emi kuMasipala weSixeko seKapa, iCandelo le-Kapa, kwiPhondo leNtshona Koloni; Ubukhulu: 610, 1235 (AmaKhulu amaThandathu neShumi ikhoma isiNye isiBini isiThathu isiHlanu) eehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu- T57844/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle kwindlela enganeno, malunga neekhilomitha ezi-3,5 zomntla ntshona weAtlantis, idolophu ekufutshane.</p> <p>INxenye yoku-1 yeFama eyiNombolo ye-17, emi kuMasipala weSixeko seKapa, iCandelo leKapa, kwiPhondo leNtshona Koloni; Ubukhulu: 6, 9164 (isiThandathu ikhoma iThoba isiNye isiThandathu isiNe) eehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu- T63101/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle kwindlela enganeno malunga ne-1,2 yeekhilomitha kumzantsi-mpuma wePela, idolophu ekufutshane.</p> <p>INxenye ye-9 yeFama iBrakke Fontein eyiNombolo yama-32, emi kuMasipala weSixeko seKapa, iCandelo leKapa, kwiPhondo leNtshona Koloni; Ubukhulu: 29, 3950 (AmaShumi amaBini aneThoba ikhoma isiThathu iThoba isiHlanu iQanda) eehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu- T64455/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle kwiNdlela iDasseberg ku-R307, malunga ne-7,5 yeekhilomitha kumzantsi-ntshona weAtlantis idolophu ekufutshane.</p> <p>INxenye yoku-1 yeFama i-Modder Rivier eyiNombolo yama-721, emi kuMasipala weSixeko seSwartland, iCandelo le-Malmesbury, kwiPhondo leNtshona Koloni;</p>

	<p>Ubukhulu: 21, 4133 (AmaShumi amaBini anaNye ikhoma isiNe isiNye isiThathu isiThathu) eehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu-T61984/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle kwindlela enganeno, malunga neekhilomitha ezingama-25 zomntla ntshona weMamre, idolophu ekufutshane.</p> <p>UBubanzi obuSeleyo kwiFama iCruywagenskraal eyiNombolo yama-977, emi kuMasipala weSixeko seKapa, iCandelo leMalmesbury, kwiPhondo leNtshona Koloni; Ubukhulu: 896, 8796 (AmaKhulu asiBhozo namaShumi aliThoba anesiThandathu ikhoma isiBhozo iSixhenxe iThoba isiThandathu) eehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu- T13405/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle ku-R27, kwiNdlela ekuNxweme oluseNtshona, malunga neekhilomitha ezili-18 kwintshona yeMamre idolophu ekufutshane.</p> <p>INxenye yoku-1 yeFama iCruywagenskraal eyiNombolo yama-977, emi kuMasipala weSixeko seKapa, iCandelo leMalmesbury, kwiPhondo leNtshona Koloni; Ubukhulu: 856, 5320 (AmaKhulu asiBhozo namaShumi amaHlanu anesiThandathu ikhoma isiHlanu isiThathu isiBini iQanda) eehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu- T13404/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle kwiSilverstream (DR1137), kwindlela enganeno malunga neekhilomitha ezisi-8,6 zomzantsi ntshona weMamre idolophu ekufutshane.</p> <p>INxenye yesi-2 yeFama eyiNombolo yama-978, emi kuMasipala weSixeko seKapa, iCandelo leMalmesbury, kwiPhondo leNtshona Koloni; Ubukhulu: 2, 1414 (IsiBini ikhoma isiNye isiNe isiNye isiNe) seehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu- T13403/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle kwindlela enganeno, malunga neekhilomitha ezingama-25 zomntla ntshona weMamre idolophu ekufutshane.</p> <p>INxenye yesi-3 yeFama eyiNombolo yama-978, emi kuMasipala weSixeko seKapa, iCandelo leMalmesbury, kwiPhondo leNtshona Koloni; Ubukhulu: 6, 6310 (IsiThandathu ikhoma isiThandathu isiThathu isiNye iQanda) beehektare; Ephantsi kweNombolo Yonikezelo loMhlaba engu- T12887/2015. Umhlaba lo umi cebu kuhle kwindlela enganeno, malunga neekhilomitha ezingama-25 zomntla ntshona weMamre idolophu ekufutshane.</p>
--	--

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 23/2019

1 March 2019

DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING**EXEMPTION IN TERMS OF SECTION 60(1)(b) OF THE LAND USE PLANNING ACT 2014 (ACT 3 OF 2014)
ERF 1821, TEMBALETHU: GEORGE MUNICIPALITY**

Notice is hereby given that the Minister, on 14 February 2019, approved an application by the George Municipality for exemption in terms of Section 60(1)(b) of the Land Use Planning Act, 2014 (Act 3 of 2014) from the following provisions:

1. Section 43(1)(a) – The requirement to publish a notice for a rezoning application in the local press;
2. Section 44(1)(b) and (c) – The requirement of serving a notice for a rezoning and subdivision application on interested and affected parties; and
3. Section 47(1) – The requirement of serving a notice on provincial departments;

in respect of the intended application for the rezoning and subdivision of the Remainder of Erf 1821, Tyolora (Thembaletu), for the development of a housing subsidy scheme, on the following conditions imposed in terms of Section 60(6) of the said Act:

- (a) that the original applications are not amended and that an altered decision is not taken on the application; and
- (b) That this decision will become effective by notice in the Provincial Gazette in accordance with Section 60(1) of the said Act.

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 23/2019

1 Maart 2019

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING**KWYTSKELDING INGEVOLGE ARTIKEL 60(1)(b) VAN DIE GRONDGEBRUIK BEPLANNINGSWET 2014 (WET 3 VAN 2014)
ERF 1821, TEMBALETHU: GEORGE-MUNISIPALITEIT**

Kennis geskied hiermee dat die Minister op 14 Februarie 2019 'n aansoek deur die George-munisipaliteit vir kwytstelling van die volgende bepalings ingevolge Artikel 60(1)(b) van die Grondgebruik Beplanningswet, 2014 (Wet 3 van 2014) Goedgekeur het:

1. Artikel 43(1)(a) – Die vereiste om 'n kennisgewing vir 'n hersoneringsaansoek in die plaaslike media te publiseer;
2. Artikel 44 (1)(b) en (c) – Die vereiste om kennis te gee aan belanghebbendes en geaffekteerde partye van 'n aansoek om hersonering en onderverdeling; en
3. Artikel 47(1) – Die vereiste om kennis te gee aan provinsiale departemente;

ten opsigte van die beoogde aansoek om die hersonering en onderverdeling van die Restant van Erf 1821, Tyolora (Thembaletu), vir die ontwikkeling van 'n behuisingsubsidieskema op die volgende voorwaardes ingestel ingevolge Artikel 60(6) van die genoemde Wet:

- (a) dat die oorspronklike aansoeke nie gewysig word nie en dat daar nie 'n gewysigde besluit oor die aansoek geneem word nie; en
- (b) dat hierdie besluit ingevolge Artikel 60(1) van die genoemde Wet deur middel van kennisgewing in die Provinsiale Koerant in werking sal tree.

ISAZISO SEPHONDO

I.S. 23/2019

1 kweyoKwindla 2019

ISEBE LEMICIMBI YENDALO KUNYE NOCWANGCISO LOPHUHLISO**UKUNGAKHETHI NGOKWEMIGAQO YECANDELO 60(1)(b) LOMTHETHO WOMHLABA NOCWANGCISO UMTHETHO
KA-2014 (UMTHETHO 3 KA 2014) ERF 1821, TEMBALETHU: UMASIPALA WASE GEORGE**

Isaziso sinikeziwe ukuba uMphathiswa, ngomhla weshumi elinesine kweyoMdumba ku 2019, apasise isicelo sikaMasipala wase George ngokungakhethi ngokwemigaqo yecandelo lamashumi amathandathu (60(1)(b) lomthetho woMhlaba noCwangciso ka 2014 (umthetho wesithathu ka 2014) phantsi kwilamalungiselelo alandelayo:

1. Icandelo lamashumi amane anesithathu (43(1)(a) – iimfuneko zokupapasha isaziso sisicelo zokuphinda kwahlulwe kwiphephandaba lengingqi.
2. Icandelo lamashumi amane anesine (44(1)(b) no (c) – iimfuneko zesicelo sokunika isaziso ixesha sokuphinda kwahlulwe nokwahlulahlula, kwabo banomdla nakwabachaphazelekayo: kunye
3. Icandelo lamashumi amane anesixhenxe (47(1) – iimfuneko zokunika isaziso kumaSebe wePhondo.

Ngokwezicelo zokwahlula kwakhona kunye nokwahlulahlulwa kwengxenywe eseleyo ye Erf 1821, Tyolora (Thembaletu) ukuze kuphuhlisewe izindlu zikaRhulumente zesibonelelo, ngokwalemiqathango ilandelayo ebekwe ngokwemigaqo yecandelo lamashumi amathandathu (60(6) yomthetho othi:

- (a) Ukuba isicelo esingundoqo asisayi kulungalingiswa nokuthi isigqibo esitshintshiweyo asithatyathwa kweso sicelo; futhi
- (b) Esi sigqibo siya kusebenza ngesaziso esikwi phepha-ndaba lombuso wePhondo ngokwecandelo lamashumi amathandathu (60(1) lomthetho otsho kanjalo.

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**CEDERBERG MUNICIPALITY****SCRAPPING OF RESTRICTIVE TITLE CONDITIONS AND SUBDIVISION: ERF 117, GRAAFWATER**

Notice is hereby given in terms Section 45 of the Cederberg Municipality By-Law on Land Use Planning, that Council received an application for the scrapping of restrictive title conditions, as well as the subdivision of Erf 117, Graafwater, into 2 portions.

Details of the proposal, submitted by Planscape Town and Regional Planners on behalf of Mr. and Mrs. Stafford are available for public comment at the offices of Cederberg Municipality in Clanwilliam, during office hours. Enquiries can be made to Mr Booyesen at Tel: (027) 482 8600. Comments in terms of Section 50 of said legislation must be lodged in writing, as soon as possible, but before 1 April 2019, at the address below. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date.

Notice Number: 20/2019

MUNICIPAL MANAGER, Cederberg Municipality, Private Bag X2, Clanwilliam, 8135

1 March 2019

57612

OUDTSHOORN MUNICIPALITY**PROPOSED SUBDIVISION ERF 7112, OUDTSHOORN****NOTICE 56 OF 2019**

Applicant: J.K Maree Professionele Landmeter

Owner: S.E Olieslager

Reference number: TP/7112

Property Description: Erf 7112 Oudtshoorn

Physical Address: No 1 Stompdrift Street, Oudtshoorn

Detailed description of proposal: The matter for consideration is an application for:

1. The subdivision of Erf 7112 in terms of Section 15(2)(d) of the Oudtshoorn Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 2016 (as amended) into "Portion A" ($\pm 468\text{m}^2$) and the Remainder ($\pm 660\text{m}^2$).

Notice is hereby given in terms of Section 45 of the Oudtshoorn Municipality: Municipal By-Law on Municipal Land Use Planning, 2016 (as amended) that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 8:30 to 15:00 at the Town Planning Department at 92 St John Street. Any written comments (quoting your, name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments), in terms of Section 50 of the said legislation, may be addressed to the Municipality's Physical Address (92 St. John Street, Oudtshoorn, 6620) on or before **1 April 2019**.

Telephonic enquiries can be made to Gilbert Cairncross at 044 203 3000. The Municipality will refuse to accept comments received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a Municipal official by transcribing their comments.

A PAULSE, MUNICIPAL MANAGER,
CIVIC CENTRE, OUDTSHOORN

1 March 2019

57618

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**CEDERBERG MUNISIPALITEIT****OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDE EN ONDERVERDELING: ERF 117, GRAAFWATER**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45 van die Cederberg Munisipale Verordeninge op Grondgebruikbeplanning, dat die Raad 'n aansoek ontvang het vir die opheffing van beperkende titel voorwaardes, asook die onderverdeling van Erf 117, Graafwater, in 2 gedeeltes.

'n Volledige aansoek, ingedien deur Planscape Stads- en Streekbeplanners, ten behoeve van Mnr. en Mev. Stafford, is tydens kantoor ure beskikbaar vir publieke kommentaar by Cederberg Munisipaliteit te Clanwilliam. Navrae kan gerig word aan Mnr. Booyesen by Tel: (027) 482 8600. Skriftelike kommentaar ingevolge Artikel 50 van genoemde wetgewing, met betrekking tot die aansoek, moet so gou doenlik, maar nie later as 1 April 2019, ingedien word by onderstaande kontak besonderhede. Die munisipaliteit mag kommentaar ontvang na die sluitingsdatum weier.

Kennisgewing nommer: 20/2019

MUNISIPALE BESTUURDER, Cederberg Munisipaliteit, Privaatsak X2, Clanwilliam, 8135

1 Maart 2019

57612

OUDTSHOORN MUNISIPALITEIT**VOORGESTELDE ONDERVERDELING ERF 7112, OUDTSHOORN****KENNISGEWING 56 VAN 2019**

Aansoeker: J.K Maree Professionele Landmeter

Eienaar: S.E. Olieslager

Verwysingsnommer: TP/7112

Eiendomsbeskrywing: Erf 7112 Oudtshoorn

Fisiese adres: Stompdriftstraat Nr 1, Oudtshoorn

Gedetailleerde beskrywing van voorstel: Die aangeleentheid vir ooreweging is 'n aansoek om:

1. Die Onderverdeling van Erf 7112 ingevolge Artikel 15(2)(d) van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruiksbeplanning, 2016 (soos gewysig) in "Gedeelte A" ($\pm 468\text{m}^2$) en 'n Restant ($\pm 660\text{m}^2$).

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 45 van die Oudtshoorn Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruiksbeplanning, 2016 (soos gewysig), dat die aansoek ontvang is en ter insae lê gedurende weeksdag 8:30 tot 15:00 by die Stadsbeplanningsafdeling te St Johnstraat 92. Enige geskrewe kommentaar (met vermelding van jou naam, adres en kontakbesonderhede, belangstelling in die aansoek en redes vir kommentaar) kan ingevolge Artikel 50 van die genoemde wetgewing gerig word aan die fisiese adres van die Munisipaliteit (St. Johnstraat 92, Oudtshoorn, 6620), wat voor of op **1 April 2019** deur die Stadsbeplanner (Mnr Gilbert Cairncross) ontvang moet word.

Telefoniese navrae kan gerig word aan Gilbert Cairncross by 044 203 3000. Die munisipaliteit sal weier om kommentaar, wat na die sluitingsdatum ontvang word, te aanvaar. Enige persoon wat nie kan skryf nie, sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word.

A PAULSE, MUNISIPALE BESTUURDER,
BURGERSENTRUM, OUDTSHOORN

1 Maart 2019

57618

OVERSTRAND MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE CONDITIONS:
ERVEN 1154, 1157 AND 1300, DE KELDERS****OVERSTRAND MUNICIPALITY BY-LAW ON
MUNICIPAL LAND USE PLANNING, 2015**

Notice is hereby given in terms of Section 35(1) of the Overstrand Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015, that the Municipal Planning Tribunal has removed the following restrictive conditions:

- Clause D.8 as contained in Deed of Transfer T43063/2015, applicable to Erf 1154, De Kelders;
- Clause D.8 and D.10 as contained in Deed of Transfer T15611/2017, applicable to Erf 1157, De Kelders, and
- Clause C.8 as contained in Deed of Transfer T96099/2002, applicable to Erf 1300, De Kelders.

Municipal Notice: 23/2019

MUNICIPAL MANAGER, OVERSTRAND MUNICIPALITY,
PO Box 20, HERMANUS, 7200

1 March 2019

57613

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES:
ERWE 1154, 1157 EN 1300, DE KELDERS****OVERSTRAND MUNISIPALITEIT VERORDENING OP
MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2015**

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 35(1) van die Overstrand Munisipaliteit Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015, dat die Munisipale Tribunaal die volgende beperkende voorwaardes opgehef het:

- Voorwaarde D.8 soos vervat in Titelakte T43063/2015, van toepassing op Erf 1154, De Kelders;
- Voorwaarde D.8 en D.10 soos vervat in Titelakte T15611/2017, van toepassing op Erf 1157, De Kelders, en
- Voorwaarde C.8 soos vervat in Titelakte T96099/2002, van toepassing op Erf 1300, De Kelders.

Munisipale Kennisgewing: 23/2019

MUNISIPALE BESTUURDER, OVERSTRAND MUNISIPALITEIT,
Posbus 20, HERMANUS, 7200

1 Maart 2019

57613

BERGRIVIER MUNICIPALITY

**APPLICATION FOR CONSENT USE:
ERF 2700, PORTERVILLE**

Applicant: A & C du Plooy

Contact details: 071 018 6269

Owner: A & C du Plooy

Reference number: PTV. 2700

Property Description: Erf 2700, Porterville

Physical Address: 55 DJ Pearce Avenue

Detailed description of proposal: Application is made in terms of section 15 of Bergrivier Municipal By-Law Relating on Municipal Land Use Planning for consent use in order to allow the operation of a house shop (including take away food) from an existing garage ($\pm 18.5\text{m}^2$ in extent) on Erf 2700, Porterville.

Notice is hereby given in terms of Section 45 of Bergrivier Municipal By-Law relating to Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection during weekdays between 7:30 and 16:30 from Mondays to Thursdays and between 7:30 and 15:30 on Fridays at this Municipality's Department Planning and Environmental Management at 13 Church Street, Piketberg, 7320. Any written comments may be addressed in terms of Section 50 of the said legislation to the Municipal Manager, Bergrivier Municipality, 13 Church Street or P.O. Box 60, Piketberg, 7320; Fax no. (022) 913 1406 or e-mail: bergmun@telkomsa.net on or before **8 April 2019** from the date of publication of this notice, quoting your, name, address or contact details, interest in the application and reasons for comments. Telephonic enquiries can be made to Mr. K. Abrahams, Town and Regional Planner (East) at tel no. (022) 913 6000. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write may visit the municipal offices during office hours where a staff member of the municipality, will assist such person to transcribe that person's comments or representations.

MN35/2019

ADV HANLIE LINDE, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices,
13 Church Street, P.O. Box 60, PIKETBERG, 7320

1 March 2019

57616

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

**AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK:
ERF 2700, PORTERVILLE**

Applikant: A & C du Plooy

Kontak besonderhede: 071 018 6269

Eienaar: A & C du Plooy

Verwysingsnommer: PTV. 2700

Eiendom beskrywing: Erf 2700, Porterville

Fisiese adres: DJ Pearceaan 55

Volledige beskrywing van voorstel: Aansoek word gedoen ingevolge Artikel 15 van Bergrivier Munisipale Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning om vergunningsgebruik ten einde die bedryf van 'n huiswinkel (ingesluit wegneem etes) toe te laat vanuit die bestaande motorhuis ($\pm 18.5\text{m}^2$ groot) op Erf 2700, Porterville.

Kragtens Artikel 45 van Bergrivier Munisipale Verordening insake Grondgebruikbeplanning word hiermee kennis gegee dat die bogenoemde aansoek ontvang is en oop is vir inspeksie gedurende weeke dae tussen 7:30 en 16:30 vanaf Maandae tot Donderdae en tussen 7:30 en 15:30 op Vrydae by hierdie Munisipaliteit se Afdeling Beplanning en Omgewingsbestuur te Kerkstraat 13, Piketberg, 7320. Enige skriftelike kommentaar mag geadresseer word ingevolge Artikel 50 van genoemde wetgewing aan die Munisipale Bestuurder, Bergrivier Munisipaliteit, Kerkstraat 13 of Posbus 60, Piketberg, 7320; Faks nr (022) 913 1406 en e-pos: bergmun@telkomsa.net op of voor **8 April 2019**, vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing, met vermelding, van u naam, adres of kontakbesonderhede, belange in die aansoek en redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan Mnr. K. Abrahams, Stad- en Streeksbeplanner (Oos) by tel nr (022) 913 6000. Die munisipaliteit mag kommentaar, ontvang na die sluitingsdatum weier. Enige persone wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure na die munisipale kantore gaan waar 'n personeelid van die munisipaliteit so 'n persoon sal help om die persoon se kommentaar of verhoë af te skryf.

MK35/2019

ADV HANLIE LINDE, MUNISIPALE BESTUURDER, Munisipale Kantore, Kerkstraat 13, Posbus 60, PIKETBERG, 7320

1 Maart 2019

57616

SWARTLAND MUNICIPALITY
NOTICE 64/2018/2019

**PROPOSED CLOSURE OF PUBLIC PLACE REZONING
SUBDIVISION AND CONSOLIDATION OF ERVEN 9200,
9204, 9205 AND 9206, MALMESBURY**

Applicant: CK Rumboll & Partners, P.O. Box 211, Malmesbury, 7299.
Tel no. 022-482 1845

Owner: Swartland Municipality, Private Bag X52, Malmesbury, 7299.
Tel no. 022-487 9400

Reference number: 15/3/3-8/Erf_9200, 9204, 9205, 9206
15/3/6-8/Erf_9200, 9204, 9205, 9206
15/3/7-8/Erf_9200, 9204, 9205, 9206

Property description: Erwe 9200, 9204, 9205, 9206, Malmesbury

Physical address: Situated in Alfa Street, in the southern part of Wesbank, Malmesbury

Detailed description of proposal: Application for the closure of a portion ($\pm 368\text{m}^2$ in extent), of public place on Erf 9200, Malmesbury in terms of Section 25(2)(n) of Swartland Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017) has been received.

Application for the rezoning of Erven 9200, 9204, 9205, Malmesbury in terms of Section 25(2)(a) of Swartland Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017) has been received. The following rezonings are proposed:

- Erf 9200 from Open Space Zone 1 to Subdivisional Area in order to make provision for the following land uses: Open Space Zone 2 ($\pm 368\text{m}^2$) and Open Space Zone 1 ($\pm 2,6\text{ha}$);
- Erf 9204 from Transport Zone 3 to Subdivisional Area in order to make provision for the following land uses: Open Space Zone 2 ($\pm 181\text{m}^2$) and Transport Zone 3 ($\pm 885\text{m}^2$);
- Erf 9205 from Business Zone 1 to Subdivisional Area to make provision for the following land uses: Open Space Zone 2 ($\pm 753\text{m}^2$) and Business Zone 1 ($\pm 2880\text{m}^2$)

An application for the subdivision of Erven 9200, 9204 and 9205, Malmesbury in terms of Section 25(2)(d) of Swartland Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017) has been received. The following is proposed:

- Erf 9200 into a remainder ($\pm 2,6\text{ha}$) and portion A ($\pm 368\text{m}^2$);
- Erf 9204 into a remainder ($\pm 885\text{m}^2$) and portion B ($\pm 181\text{m}^2$);
- Erf 9205 into a remainder ($\pm 2880\text{m}^2$) and portion C ($\pm 753\text{m}^2$);

An application for the consolidation of portions A, B and C with Erf 9206, Malmesbury in terms of Section 25(2)(e) of Swartland Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017) has also been received.

During the construction of the integrated sport and community facilities on Erf 9206, the building work encroached the boundary lines. The purpose of this application is to rectify the encroachments.

Notice is hereby given in terms of Section 55(1) of the By-Law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 8:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 8:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. **Any written comments, whether an objection or support, may be addressed in terms of Section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299. Fax – 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before 1 April 2019 at 17:00, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments.** Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices,
Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

1 March 2019

57614

SWARTLAND MUNISIPALITEIT
KENNISGEWING 64/2018/2019

**VOORGESTELDE SLUITING VAN OPENBARE PLEK,
HERSONERING, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE
VAN ERWE 9200, 9204, 9205 & 9206, MALMESBURY**

Aansoeker: CK Rumboll & Vennote, Posbus 211, Malmesbury, 7299.
Tel nr 022-482 1845

Eienaars: Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299.
Tel nr 022-487 9400

Verwysingsnommer: 15/3/3-8/Erf_9200, 9204, 9205, 9206
15/3/6-8/Erf_9200, 9204, 9205, 9206
15/3/7-8/Erf_9200, 9204, 9205, 9206

Eiendomsbeskrywing: Erwe 9200, 9204, 9205, 9206, Malmesbury

Fisiese Adres: Geleë te Alfastraat in die suidelike deel van Wesbank, Malmesbury

Volledige beskrywing van aansoek: Aansoek vir die sluiting van 'n gedeelte (groot $\pm 368\text{m}^2$) van 'n openbare plek op Erf 9200, Malmesbury ingevolge Artikel 25(2)(n) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 7741 van 3 Maart 2017) is ontvang.

Aansoek vir die hersonering van Erwe 9200, 9204, 9205, Malmesbury ingevolge Artikel 25(2)(a) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 7741 van 3 Maart 2017) is ontvang. Die volgende hersonerings word voorgestel:

- Erf 9200 vanaf Oopruimte sone 1 na onderverdelingsgebied ten einde voorsiening te maak vir die volgende grondgebruik: Oopruimtesone 2 ($\pm 368\text{m}^2$) en Oopruimtesone 1 ($\pm 2,6\text{ha}$);
- Erf 9204 vanaf Vervoersone 3 na onderverdelingsgebied ten einde voorsiening te maak vir die volgende grondgebruik: Oopruimtesone 2 ($\pm 181\text{m}^2$) en Vervoersone 3 ($\pm 885\text{m}^2$);
- Erf 9205 vanaf Sakesone 1 na onderverdelingsgebied ten einde voorsiening te maak vir die volgende gebruike: Oopruimtesone 2 ($\pm 753\text{m}^2$) en Sakesone 1 ($\pm 2880\text{m}^2$).

Aansoek vir die onderverdeling van Erwe 9200, 9204 en 9205, Malmesbury ingevolge Artikel 25(2)(d) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 7741 van 3 Maart 2017) is ontvang. Die volgende onderverdelings word voorgestel:

- Erf 9200 in 'n restant ($\pm 2,6\text{ha}$) en gedeelte A ($\pm 368\text{m}^2$);
- Erf 9204 in 'n restant ($\pm 885\text{m}^2$) en gedeelte B ($\pm 181\text{m}^2$);
- Erf 9205 in 'n restant ($\pm 2880\text{m}^2$) en gedeelte C ($\pm 753\text{m}^2$).

Aansoek vir die konsolidasie van gedeeltes A, B en C met Erf 9206, Malmesbury ingevolge Artikel 25(2)(e) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 7741 van 3 Maart 2017) is ontvang.

Gedurende die konstruksie van die geïntegreerde sport- en gemeenskapsfasiliteite op Erf 9206 het die bouwerke die Erfgrense oorskry. Hierdie aansoek het ten doel om die oorskrydings reg te stel.

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 55(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning dat bogenoemde aansoek ontvang is en beskikbaar is vir inspeksie vanaf Maandag tot Donderdag tussen 8:00-13:00 en 13:45-17:00 en Vrydag 8:00-13:00 en 13:45-15:45 by Department Ontwikkelingsdienste, kantoor van die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing, Munisipale Kantoor, Kerkstraat, Malmesbury. **Enige skriftelike kommentaar hetsy 'n beswaar of ondersteuning kan ingevolge Artikel 50 van genoemde wetgewing aan Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X52, Malmesbury, 7299. Faks – 022-487 9440/e-pos – swartlandmun@swartland.org.za gestuur word voor of op 1 April 2019 om 17:00. Die kommentaar moet asseblief u naam, adres en kontakbesonderhede asook die voorkeurwyse waarop daar met u gekommunikeer moet word aandui, sowel as u belang by die aansoek asook redes vir u kommentaar.** Telefoniese navrae kan gerig word aan die stadsbeplanningsafdeling (Alwyn Burger of Herman Olivier) by 022-487 9400. Die Munisipaliteit mag kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word weier. Persone wat nie kan skryf nie sal deur 'n munisipale amptenaar bygestaan word om hulle kommentaar op skrif te stel.

JJ SCHOLTZ, MUNICIPAL MANAGER, Municipal Offices,
Private Bag X52, MALMESBURY, 7299

1 Maart 2019

57614

SWARTLAND MUNICIPALITY

NOTICE 65/2018/2019

PROPOSED REMOVAL OF RESTRICTIONS AND DEPARTURE ON ERF 2050, MALMESBURY

Applicant: Highwave Consultants, 11A Gladstonestraat, Durbanville, 7550. Tel no. 021-9751754

Owner: African Methodist Episcopal Church, 18 Magnolia Avenue, Malmesbury, 7300. Tel no. 0845510045

Reference number: 15/3/4-9/Erf_2050
15/3/5-9/Erf_2050

Property Description: Erf 2050, Malmesbury

Physical Address: c/o Jakaranda Street and Eike Avenue, Malmesbury

Detailed description of proposal: An application for removal of restrictive title condition D3(b) of Title Deed T3881/1967 on Erf 2050, Malmesbury in terms of Section 25(2)(f) of Swartland Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017) has been received. The purpose of the removal is to do away with a restriction with regard to the usage of the premises in order to allow a transmission tower.

An application for a departure from the building line and height restriction on Erf 2050, Malmesbury in terms of Section 25(2)(b) of Swartland Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning (PG 7741 of 3 March 2017) has been received. The departures entail the following:

- Departure from the height restriction of two storeys, 6m to 25m
- Departure from the northern side-building line from 5m to 1,5m
- Departure from the eastern side-building line from 5m to 3m.

Notice is hereby given in terms of Section 55(1) of the By-Law on Municipal Land Use Planning that the abovementioned application has been received and is available for inspection from Monday to Thursday between 8:00-13:00 and 13:45-17:00 and Friday 8:00-13:00 and 13:45-15:45 at the Department Development Services, office of the Senior Manager: Built Environment, Municipal Office, Church Street, Malmesbury. **Any written comments whether an objection or support may be addressed in terms of Section 50 of the said legislation to The Municipal Manager, Private Bag X52, Malmesbury, 7299. Fax – 022-487 9440/e-mail – swartlandmun@swartland.org.za on or before 1 April 2019 at 17:00, quoting your name, address or contact details as well as the preferred method of communication, interest in the application and reasons for comments.** Telephonic enquiries can be made to the town planning division (Alwyn Burger or Herman Olivier) at 022-487 9400. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot write will be assisted by a municipal official by transcribing their comments.

1 March 2019

57615

STELLENBOSCH MUNICIPALITY

REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS: ERF 479, STELLENBOSCH**STELLENBOSCH MUNICIPAL LAND USE PLANNING BY-LAW (2015)**

Notice is hereby given that the Authorised Employee on 18 January 2019, removed the restrictive title deed conditions C6(a), (b) and (d) on Erf 479, Stellenbosch, as contained in the Deed of Transfer No. T47512/91, in terms of Section 68 of the Stellenbosch Municipal Land Use Planning By-Law.

(Notice No. P04/19)

MUNICIPAL MANAGER

1 March 2019

57629

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING 65/2018/2019

VOORGESTELDE OPHEFFING VAN TITEL BEPERKINGS EN AFWYKING OP ERF 2050, MALMESBURY

Aansoeker: Highwave Consultants, Gladstonestraat 11A, Durbanville, 7550. Tel nr 021-9751754

Eienaars: African Methodist Episcopal Church, Magnoliaaan 18, Malmesbury, 7300. Tel nr 0845510045

Verwysingsnommer: 15/3/5-8/Erf_2050
15/3/4-8/Erf_2050

Eiendomsbeskrywing: Erf 2050, Malmesbury

Fisiese Adres: H/v Jakarandastraat en Eikelaan, Malmesbury

Volledige beskrywing van aansoek: Aansoek vir die opheffing van beperkende voorwaarde D3(b) van transport akte T3881/1967 op Erf 2050, Malmesbury ingevolge Artikel 25(2)(f) van Swartland Munisipaliteit se Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning (PG 7741 van 3 Maart 2017) is ontvang. Die voorgestelde opheffing het ten doel om weg te doen met 'n beperking rakende die gebruik van die perseel om sodoende 'n transmissietoring toe te laat.

